Die Gereformeerde siening van belydenis?
Enkele algemene gedagtes

Dirkie Smit
13-06-2006

1. Die Gereformeerde tradisie is ‘n belydenistradisie. Geloofsbelydenisse en belydenisskrifte het van die begin af ‘n sleutelrol gespeel in die manier waarop dié tradisie homself verstaan en teenoor andere verstaanbaar gemaak het. Belydenisdokumente was van beslissende belang in Gereformeerde kerke se pogings om telkens weer uitdrukking te gee aan hul eie verstaan van die één evangelie van die Drieënige God vir hulle spesifieke tyd en omstandighede. Sulke Gereformeerde belydenisdokumente is altyd openbare getuienisse van wat dié kerke en gelowiges glo aangaande die waarheid van die evangelie en hoe hulle hulself telkens in hul eie tydsgewrig en omgewing gebonde sien aan die vroeë kerk se oer-belydenis dat Jesus die Here is.

2. In ‘n sekere sin deel die Gereformeerde tradisie dié karaktertrekke met die breër Protestantisme. Met reg beskryf Jonker gevolglik belydenisskrifte as “tipies Protestantse verskynsels”. Ander kerklike tradisies – soos die Katolieke Kerk en die Ortodokse Kerke – het nie werklik belydenisskrifte in die Protestantse sin van die woord nie, aangesien hulle ander institusionele maniere en strukture het om die soort funksies wat Protestantse belydenisskrifte vervul, te hanteer.

3. In talle opsigte hang die mees wesenlike verskille tussen die groot tradisies juis met hierdie onderskeide saam – oor die aard van die waarheid, die lokus, aard en rol van gesag binne die kerk, die funksie van kerklike en teologiese besluite en formuleringe, die medium van kontinuïteit en trou aan die tradisie, die aard van geloof en persoonlike verbondenheid aan die evangelie. Vir die Protestantisme is dié sake almal aan die belydenis van die kerk gekoppel.

4. Selfs binne die Protestantse geledere self is dit egter ook nodig om fyner te onderskei. Só gebruik alle tradisies en geloofsgemeenskappe binne die Protestantisme natuurlik nie almal uitdruklik die term “geloofsbelydenisse” nie. Dis immers nie ‘n tegniese term nie. Dit slaan nie net op spesifieke soort dokumente, wat volgens sekere generiese voorskrifte opgestel is en aan sekere algemene kriteria voldoen, sodat dit byna meganies moontlik is om te oordeel of sekere dokumente wel belydenisskrifte is, of dalk nie aan die kriteria voldoen nie. Enige sodanige benadering berus op formalistiese misverstande oor die aard van belydenisgeskrifte.

> A confession of faith is an officially adopted statement that spells out a church’s understanding of the meaning and implications of the one basic confession of the lordship of Christ. Such statements have not always been called confessions. They have also been called creeds, symbols, formulas, definitions, declarations of faith, statements of belief, articles of faith, and other similar names. All these are different ways of talking about the same thing (*The confessional nature of the church*, PCUSA 1998)

> Sie verstehen sich als Rechenschaft des Glaubens, um die Kirche in ihrem Zeugnis zu stärken, und zwar in unterschiedlicher Gestalt: als Glaubensbekenntnisse im engeren Sinn, als theologische Erklärungen, als Sammlung von Lehrsätzen, als Thesen, als Katechismen und als Kirchenordnungen … (Es) gibt auf reformierter Seite weder eine alle Bekenntnisse umfassende Sammlung noch eine letztgültige Einigkeit darüber, mit welchen Kriterien eine solche Sammlung entscheiden soll, was eine reformierte Bekenntnisschrift ist. Unterschiedliche Texte wie Katechismen, Thesen, Glaubenserklärungen, Konsenserklärungen und Kirchenordnungen können zu den Bekenntnisschriften gezählt werden (Plasger, G & Freudenberg, M 2005. *Reformierte Bekenntnisschriften*, Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht).

5. Sulke uiteenlopende belydenisgeskrifte vervul daarby ook ‘n verskeidenheid van funksies in die lewe van Gereformeerde kerke. Hulle verskaf die taal om God mee te roem en prys, hulle dien as hermeneutiese raamwerke met behulp waarvan die Bybel gelees en verstaan word, hulle druk die identiteit van die geloof uit en dien daarmee die eenheid en die onderlinge gemeenskap en vertroue, hulle help om nuwe gelowiges te onderrig en te help vorm, hulle dra daartoe by dat waarheid en valsheid onderskei kan word in tye van onsekerheid en verleiding, en hulle dien as openbare getuienis aangaande die evangelie dat Jesus Christus die Here is.

6. Uit dié hoofgebruike – doksologies, hermeneuties, verenigend, kategeties, anti-dwaling, openbare getuienis – is dit oombliklik duidelik dat dieselfde belydenis tegelyk meerdere funksies kan vervul, asook dat ‘n geloofsbelydenis wat aanvanklik om één rede ontstaan het daarna – hetsy spoedig, of eers baie lank daarna – vir ánder funksies aangewend kan word. Talle Gereformeerde belydenisse, insluitende die sogenaamde formuliere van eenheid in die Nederduitse tradisie, is dan ook eers jare, meesal dekades na hul ontstaan op ander plekke en deur ander kerklike vergaderinge as eie belydenisskrifte aanvaar. Hierdie tydsame en komplekse verloop hoort integraal tot die resepsie van belydenisskrifte in Gereformeerde kerke.

7. Die *Barmen Teologiese Verklaring* is byvoorbeeld gebore in ure van intense konflik binne die kerk en die openbare lewe as ‘n getuienis aangaande die waarheid wat dramaties op die spel was in dié historiese oomblik, maar daarna sou dit – op totaal ander plekke in die wêreldkerk en onder totaal andersoortige omstandighede – toegeëien word as aanduiding van kerke se vereenselwiging met dié geloofsbeslissings, en allengs gebruik word in kategese en onderrig, as hermeneutiese bril om die Skrifte mee te lees, as lofprysing en spreekreëls vir die geloof, en – soms onverwags ook weer – as ontmaskering van nuwe vorme van dwaalleer en as inspirasie tot nuwe openbare getuienis in die aangesig van ánder historiese uitdagings.

8. Hierdie komplekse werking word al duidelik uit die ryk-geskakeerde maniere waarop die oer-belydenis dat Jesus Christus die Heer is in die vroeë kerk en die Nuwe Testamentiese geskrifte funksioneer. Aanvanklik was dit immers ‘n *roemende* reaksie op die opstanding, ‘n belydenis van hul diepste geloof dat Hy self hulle Heer en God is. Daarmee begin dit egter dadelik ‘n *hermeneutiese* funksie vervul, en lees hulle die Ou Testamentiese boeke met dié bril, met die oortuiging dat Hy die Here van die skepping en die geskiedenis was en is, en die verwagting dat hierdie boeke van Hóm getuig. In die Briewe wat geskryf word om die evangelie te verkondig en in die Evangelies wat vertel wie Jesus waarlik is word hierdie oortuiging die *inhoud* van die vroeg-Christelike verkondiging, prediking en onderrig, soos die preke in Handelinge laat blyk. God het Hóm Here en Christus gemaak – dís die evangelie en dís hul prediking. Daarmee word dié evangelie die grondslag van hul onderlinge *eenheid* met mekaar, ondanks alle verskil en spanning, sodat hulle vermaan word om almal te aanvaar wat bely dat Christus die Here is, aangesien niemand dit kan doen buiten die één Heilige Gees wat hulle saambind, ondanks alle verdelinge en agterdog nie. Wie trouens ontken dat Hy die Here is, waarlik in die vlees gekom en aan die kruis gesterf het, is besig met *dwaalleer* en hang ‘n valse evangelie aan, soos die Briewe van Johannes toon. Teenoor die aansprake van die samelewing, kultuur, magspolitiek en ekonomie dat die keiser heer is bely die vroeë kerk – vrymoedig en in die *openbaar*, al kos dit verguising en vervolging – dat Christus die Here is, en daarmee word die belydenis wat aanvanklik net hul geloof roemend verwoord het tot verreikende politieke aanspraak, wat deur die eeue sou bly weergalm, telkens weer – tot letterlik in *Barmen* en *Belhar*.

9. Kortom, selfs binne Protestantse kringe sélf funksioneer talle verskillende soorte dokumente as belydenisgeskrifte, en wissel hulle met verloop van jare hulle eie funksie, soos wat belydenisse wat om een rede ontstaan het mettertyd nuwe relevansie geniet in nuwe situasies.

10. Op ‘n heel besondere manier word baie van die karakteristieke van die Gereformeerde siening meermale ter sprake gebring as gevra word na die bindende krag van belydenis, na die gesag van die belydenis, na die aard van trou of aanvaarding wat dit vereis, en na die gronde vir dié binding, gesag en trou. Dis asof talle temas rondom die aard van belydenisskrifte vanuit dié perspektief relevant word, en asof die tipiese wat die Gereformeerde benadering onderskei ook daarmee goed in fokus kom.

11. Selfs dít is natuurlik egter ‘n komplekse saak, want binne die Gereformeerde tradisie sélf is daar merkwaardigerwys nie net een – gesaghebbende! – siening van die bindende krag of die gesag van belydenisskrifte te bespeur nie. Daar bestaan trouens hieromheen radikaal uiteenlopende menings en praktyke tussen – sê maar – Switserse, Duitse, Hongaarse, Skotse, en Nederlandse Gereformeerdes, asook nog die talle Gereformeerde kerke in Afrika, Asië en die Amerikas, die Presbiteriaanse wêreld en die Kongregasionalistiese wêreld.

12. Trouens, net al binne Gereformeerde of Hervormde kringe in Nederland self is die meningsverskille en uiteenlopende, dikwels hoogs omstrede en emosionele, selfs kerkskeurende sieninge hieromheen dadelik opvallend. Sonder om daarom hoegenaamd ‘n kunsmatige konsensus te suggereer, kan ‘n mens tog argumenteer dat presies dié veelvoud van sieninge aangaande die bindende krag van belydenisskrifte sélf reeds ‘n soort karakteristiek Gereformeerde posisie openbaar, wat radikaal anders is as byvoorbeeld ‘n Lutherse posisie.

13. Onder *normale omstandighede* – sou ‘n mens dalk veralgemenend kon sê – dien die reeds bestaande belydenistradisie en belydeniskorpus van spesifieke Gereformeerde kerke dus as ‘n konfessionele hermeneutiek wat hulle help om sowel die gesaghebbende boodskap van Gods Woord asook die historiese werklikheid waarmee hulle leef voortdurend mee te interpreteer.

14. Dis van groot belang dat die Gereformeerde belydenistradisie en -korpus kompleks, ryk en geskakeerd is, en radikaal kan verskil van Gereformeerde kerk tot Gereformeerde kerk, sowel wat hulle inhoud betref as wat hulle status en rol betref. Dié kompleksiteit is integraal deel van die Gereformeerde omgang met hulle belydenis en met belydenissgeskrifte. Dit blyk uit alle pogings wat Gereformeerde belydenisse volgens hul inhoud wil saambundel.

15. Die Switserse, Skotse, Hongaarse, Duitse en Nederlandse tradisies – om net enkeles te noem – het rondom verskillende aanvanklike belydenisse gegroei, en selfs binne hulle eie geledinge is daar groot onderlinge verskille te bespeur. Sommige kerke het minder, ander veel meer belydenisdokumente opgeneem in hul belydenisbasis, en sommige het glad geen amptelike belydenisgeskrifte nie. Sommige kerke se woordbedienaars onderteken dié dokumente – maar met uiteenlopende soorte verbintenisse en ondernemings, en met uiteenlopende begrondinge; waarvan die historiese *quia* en *quatenus*-debatte in die Nederlandse tradisie dus net een variant is – en sommige onderteken dit nié.

16. Reeds in die eerste dekades van die Hervorming het die Gereformeerde gemeentes en kerke talle belydenisdokumente opgestel, aanvaar en gebruik – ‘n diep Gereformeerde karakteristiek – waarvan sommige spoedig of veel later wyer ontvangs geniet het, byvoorbeeld streeks of nasionale status ontvang het, deur besluite van latere sinodes en kerke om dit oor te neem of ook te aanvaar en gebruik, maar waarvan talle slegs lokaal gebly het. Gereformeerdes is daarmee van die begin af voor die uitdagings gestel wat so ‘n uiteenlopende veelvoud van belydenisdokumente teweeggebring het. Moes hulle mekaar se belydenis so oor en weer aanvaar? Slegs kennis neem

daarvan? Dit saambundel in groter versamelings? Hulle orden as meer of minder gesaghebbend? Hulle reduseer tot slegs enkeles wat vir almal sou geld?

17. Daar was deur die eeue wel enkele pogings om laasgenoemde weg te gaan – soos die Lutherse kerk – en tot slegs een gesaghebbende belydeniskorpus te kom vir alle Gereformeerde kerke, maar dit het nooit op enige entoesiasme gestuit nie. In die wordingsprosesse van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke sedert die laaste jare van die 19e eeu sou dié soort vrae weer akuut word, en weer eens is dit telkemale skerp afgewys, juis op grond van die aard van Gereformeerde belydenis. Karl Barth se bekende toespraak voor die Bond se Cardiff-Vergadering in 1925, waarin hy sy invloedryke werksbeskrywing van die aard van Gereformeerde belydenis sou gee, was juis ‘n antwoord op dié vraag wat spesifiek aan hom gestel is: Is één algemene geloofsbelydenis vir die wêreldwye Gereformeerde wêreld dalk wenslik en moontlik? Sy antwoord – juis op grond van die aard van Gereformeerde belydenis – was ‘n radikale ontkenning. Dis nóg wenslik, nóg moontlik.

18. Wat is die implikasies hiervan vir die gesag van Gereformeerde belydenisskrifte? Dit beteken dat – by alle kompleksiteit en onderlinge verskille – hulle onder normale omstandighede ‘n ***relatiewe gesag*** besit, met nadruk op albei die terme. Hulle besit gesag, want hulle verteenwoordig die maniere waarop vroeëre geslagte die Woord van God gehoor het. Hierdie gesag is egter relatief, want sulke geskrifte is in beginsel altyd en blywend onderworpe aan die enigste en finale gesag van Gods Woord, aangesien hulle self histories van aard is en die handewerk van feilbare mense.

19. Presies hierdie erkenning van hul relatiewe gesag en daarmee saam hul aard as in beginsel oop vir hersiening word deur baie mense beskou as juis dié mees tiperende karakteristiek van die Gereformeerde siening van belydenisskrifte. Al ***drie redes*** wat implisiet hierin reeds aangevoer is vir hulle relatiewe gesag verteenwoordig kenmerkend Gereformeerde oortuigings.

20. In die ***eerste*** plek is alle Gereformeerde belydenisskrifte altyd in beginsel onderworpe aan die enigste en finale gesag van die Woord van God. Hulle het geen gesag in hulleself nie, en ontvang byvoorbeeld ook nie hulle gesag van gesaghebbende eksterne instansies of faktore – soos die gesag van die kerklike leiersfigure wat hulle mag afkondig, die kerklike instansies wat hulle mag uitreik of die kerkvergaderings wat hulle mag aanvaar nie. Keer op keer maak sulke belydenisskrifte in die Gereformeerde geskiedenis gevolglik self nadruklik duidelik in hulle eie bewoording, of in begeleidende briewe of verklarings dat hulle gesag ‘n afgeleide gesag is, dat hulle wel normatief is maar presies omdat en in dié mate dat hulleself genormeer word deur die eintlike en ware norm. Hulle gesag is ‘n geestelike gesag, wat afhang van die feit – en die mate – dat hulle getroue uitdrukking gee aan die bedoelinge van die Skrifte en van die evangelie vir elke nuwe nou-en-hier.

21. Talle Gereformeerde belydenisse bevat dan ook doelbewus en baie duidelik ‘n ope uitnodiging aan gelowiges – aan lesers en hoorders, aan gemeentes en kerke van ander plekke en omgewings – om voortdurend hierdie belydenisse te bly meet aan die boodskap van Gods Woord. Hulle beloof dan selfs uitdruklik dat hulle hersien, aangepas en afgewys sal word indien dit inderdaad in die lig van die Skrifte aangetoon word dat soiets nodig sou wees. Die Woord van God word deurgaans gesien as die lewende stem van die lewende God, die getroue Drieënige Verbondsgod, wat steeds spreek deur sy Woord en Gees en die kerk deur die gange van tyd en geskiedenis in die waarheid bly lei.

22. Hierdie fundamentele onderwerping van alle belydenisse aan die ware gesag van die lewende Woord van God is nie maar bloot formalisties bedoel, slegs as lippediens of uiterlike gebaar nie. Dit vertolk juis die hart van die Gereformeerde lewensgevoel en vroomheid, wat net wil leef van die Woord. In die voortdurende toetsing en hersiening van die belydenis gaan dit nie bloot maar om woorde, uitdrukkings en formuleringe, of om historiese onakkuraathede of eksegeties omstrede kleinighede nie, maar om die hart van die saak wat bely word, om die religieuse intensie, die geestelike bedoelinge, die eintlike beslissinge wat op die spel was in die oomblik van belydenisvorming, om die diepste geloofsoortuigings wat leef in die betrokke belydenis.

23. Dis dan ook die bedoelinge wanneer sommige sê dat sulke belydenisse gesag het "omdat" hulle die Woord van God se eie gesag agter hulle het. Wanneer dié "omdat" in die Gereformeerde geskiedenis in debatte onderskei word van 'n houding van "in soverre as" is dit presies bedoel as erkenning dat die gesag van die betrokke belydenisskrif nie afhang van elke individuele gelowige se eie oordeel, insig en keuses, óf en in welke mate hulle persoonlik dink en glo dat die belydenis in ooreenstemming met die Woord is nie. Die belydenis van die geloofsgemeenskap en tradisie ís gesaghebbend ómdat dit in ooreenstemming met Gods Woord is, en daarom nié uitgelewer aan subjektiewe willekeur en vryheid van eie oordeel en keuse nie.

24. Terselfdertyd mag hierdie "omdat" egter nooit in finale sin opgevat word, as eens en vir altyd bo alle kritiek verhewe en met die status van logies-bewese konklusies nie. Dis in beginsel altyd moontlik dat die geestelike insig mag groei dat die betrokke belydenis in sy intensie tog nié in ooreenstemming met Gods Woord is nie – van dié oortuiging leef die belydenis juis en presies daaraan ontleen hy sy gesag. Die belydenis het gesag ómdat dit die Woord van God se eie gesag agter hom het, ja, maar dis alles tot tyd en wyl, tans, op die oomblik, met huidige leiding en lig, met huidige geestelike insig en onderskeidingsvermoë. Dis in beginsel altyd moontlik dat die Gees en die Woord die geloofsgemeenskap tot ánder insig en oortuiging mag bring.

25. Juis die "omdat" mag daarom in Gereformeerde kringe nooit funksioneer as 'n finale woord, as onbetwyfelbare konklusies, wat alle ondersoek van die Bybel en kritiese beoordeling van die belydenis in die lig van die Bybel by voorbaat onmoontlik of oorbodig sou maak nie. Die "omdat" beskerm nie die belydenis teen die Bybel nie en verhef nie die belydenis bó die Bybel en die voortdurende lees van die Bybel nie. Dit word nie 'n opsomming van die Bybel of 'n samevatting van die boodskap van die Bybel op só 'n manier dat intense en gemeenskaplike, gelowige omgang met die Bybel self eintlik onnodig word nie. Inteendeel, die belydenisskrifte, as konfessionele hermeneutiek, nooi juis die gemeente uit om steeds weer vars en nuut, met verwagting en vertroue, na die Bybel self te bly luister.

26. Dis in dié gees dat Calvyn self by geleentheid nie bereid was om die credo van die vroeë kerk te teken nie – nie omdat hy nie die inhoud geglo en bely het nie, soos blyk uit die ***Institusie*** wat immers presies volgens daardie struktuur en inhoud geskryf word – maar omdat hy die gemeente wou terugverwys na die Bybel self, en nié aan enige menslike dokument, selfs nie aan die vroeg-kerklike belydenis, 'n status wou gee wat dalk sou kon aanleiding gee tot mededinging met of subtiele vervanging van die Woord nie. Die belydenis is inderdaad gesaghebbend, maar net omdat dit op die gesaghebbende Woord gebou is – en net vir solank die geloofsgemeenskap oortuig is dat die boodskap van die evangelie inderdaad verwoord word in die intensie daarvan.

27. In die ***tweede*** plek is alle Gereformeerde belydenisskrifte deur en deur histories en kontekstueel van aard – en is diegene wat hulle opstel en aanvaar, bely en glo, uitlê en uitleef altyd intens daarvan bewus. Daarin is hulle nie anders as die Bybelse dokumente self nie. Soos die Bybelse boeke, perikope en tekste benodig hulle eweneens verantwoordelike uitleg, wat

respek vir hulle historiese konteks en vir hulle kulturele en lewensbeskoulike agtergronde, sensitiwiteit vir die taalkundige en konseptuele instrumente tot beskikking van hulle eerste skrywers, noukeurige insig in die spesifieke fronte waarbinne en waarteen hulle in die eerste plek geskryf is, aanvoeling vir die retoriese bedoelinge, strekking en krag wat hulle oorspronklik wou hê insluit, en nie as oorbodig beskou nie.

28. Gereformeerde omgang met belydenisskrifte – van die heel eerste oomblikke af – neem historisiteit en kontekstualiteit baie ernstig, en lees nie die belydenisse as a-historiese dokumente met tydlose proposisies nie.

29. Waar die belydenisskrifte in sekere periodes van sommige Gereformeerde tradisies – sélf onder baie begryplike kulturele en sosiaal-historiese invloede! – wel as sulke tyd- en kontekslose sisteme van waarheid gelees is, het dit telkens gelei tot opvattinge van waarheid (as geleë in die akkuraatheid van proposisies), van geloof (as intellektuele gehoorsaamheid aan gesaghebbende dokumente, vergaderings, besluite of selfs figure), van geloofskennis (as intellektuele vertroudheid met historiese feite en korrekte formulerings), van sekerheid (as rasionele konklusies uit onbetwisbare aksioma's), van gesag (as primêr institusioneel en juridies) en van die eie-aard en funksionering van Gereformeerde belydenisskrifte self (as finale denksisteme, wat gebruik kan word as "stok om mee te slaan" teenoor diegene wat afwyk van die presiese uitdrukkings en formuleringe van die gesaghebbende belydeniskorpus). Veel van die onverkwiklike historiese stryd in sommige Gereformeerde kringe is teweeggebring deur hierdie soort vreemde omgang met die Gereformeerde belydenis.

30. Vir die hoofstroom van die Gereformeerde oortuiging egter – al sedert die dae van Calvyn – was waarheid, geloof, geloofskennis, sekerheid en gesag egter van 'n ánder aard, en gevolglik ook die omgang met die belydenis. Soos die Bybel benodig belydenisskrifte ook intense eksegese en uitleg. 'n Hermeneutiek van die tradisie is nodig, juis om die kragtige en lewende getuienis van die belydenisse steeds in die hede te kan hoor en gehoorsaam. Juis ás historiese en kontekstuele dokumente bly hulle "'n staf om mee te gaan", handleidings en raadgewers, onmisbare en gesaghebbende oriëntasie op die weg van die kerk deur die gange van die geskiedenis. Juis ín hulle kontekstualiteit en historisiteit – teen die agtergronde van hulle eie debatte, aanvegtinge, konflikte en verleidinge – is hulle gesaghebbend in die hede.

31. Presies daarom kan daar egter ook oomblikke aanbreek met nuwe versoekinge en verwarringe waaroor die bestaande belydenistradisie en -korpus nog nie genoegsame oriëntasie en leiding verskaf nie, sodat nuwe belydenisvorming nodig word. Dis immers presies hoe en hoekom die grote veelheid van Gereformeerde belydenisse self ontstaan het. De Brés beroep hom op die Christologiese belydenis van die vroeë kerk, ja, maar vind daarom nie nuwe belydenisvorming oorbodig nie, dog juis noodsaaklik. Die nuwe historiese oomblikke vra nie net blote herhaling nie, maar soms ook nuwe luister, nuwe hoor, nuwe onderskeiding, nuwe verwoording. Die ***Dordtse Leerreëls*** herhaal nie bloot die verlossing uit genade van die ***Nederlandse Geloofsbelydenis*** of die ***Heidelbergse Kategismus*** nie – alhoewel dit op geen manier in stryd is of wil wees met dié en ander vroeëre belydenisskrifte nie – maar vind dit juis nodig om dié geloof nog duideliker te verwoord en moontlike misverstande, verwarringe en wanopvattinge nog duideliker te artikuleer as voorheen.

32. In die ***derde*** plek is alle Gereformeerde belydenisskrifte menslike dokumente, en daarom feilbaar en broos. Die tradisie is hiervan terdeë bewus, en waarsku voortdurend teen enige oorskatting of oorwaardering van enige vorm van menslike besluitneming en standpuntname of menslike vergaderinge en dokumente, insluitende enige oorskatting van hulleself. Die kerklike

vergaderinge waarby die belydenisse gesaghebbende onderlinge akkoorde word is immers self ingesluit in die vergaderinge waarteen die belydenisse waarsku. Dit geld van teoloë in hierdie tradisie, insluitende Calvyn, dit geld van leiersfigure, van skole, van tradisies, van oorlewering, van dokumente, van belydenisse – dit bly alles feilbare mensewerk.

33. Dit beteken nie dat hulle maar net gesien word as die blote mening, slegs maar die persoonlike opinie of die eie perspektief van die betrokke kerk, groep gelowiges of gemeentes wat só bely nie, inteendeel. Baie bewus wil hierdie lokale of regionale Gereformeerde belydenisskrifte nié bloot as eie siening en standpunt, en daarom selfs as "die Gereformeerde" of "die Calvinistiese" posisie en lering beskou word nie. Diep bewus van hulle menslikheid en perspektiwiteit, maak hulle juis aanspraak om dié evangelie te verwoord, om dié Woord te bely in hulle eie omstandighede, en daarom is hulle altyd gerig aan die algemene, katolieke kerk, daarom streef hulle altyd na ekumenisiteit. Gereformeerde belydenisskrifte is nie maar bloot verteenwoordigend van "die" Gereformeerde siening, wat by geleentheid selfs beskerm en verdedig moet word teen ander weergawes van die evangelie of ander perspektiewe op die Woord nie, inteendeel. Gereformeerde belydenisskrifte is 'n uitnodiging aan die ganse kerk om te oordeel en te help onderskei of die waarheid van die evangelie inderdaad self hier reg gehoor en verwoord word, of nie. Presies daarin is dit sowel gesaghebbend – nie bloot as eie mening nie, maar as aanspraak om die waarheid van Gods Woord te spreek – as beskeie, oop en ontvanklik vir korreksie, selfs vermaning, in beginsel blywend leerbaar en korrigeerbaar.

34. Tegelyk impliseer hierdie openheid die erkenning dat die proses van Gereformeerde belydenisvorming nooit afgehandel is nie. Nuwe belydenis en nuwe belydenisskrifte mag altyd weer nodig word, nié omdat die bestaande belydenisse vals is nie, maar omdat die Woord van God in nuwe omstandighede nuut aangeveg kan word en nuwe helderheid nodig mag wees, verdere onderskeiding van die geeste en verdere belydenisvorming.

35. In die geskiedenis het 'n sodanige historiese oomblik bekend geword as 'n *casus confessionis* of 'n *status confessionis* – die aard van die historiese moment word die aanleidende oorsaak waarom sommige gelowiges oordeel dat 'n oomblik van waarheid aangebreek het waarin die kerk ter wille van die evangelie nie langer durf swyg en verwarring in kerklike geledere verder kan toelaat nie.

36. Wat vroeër en onder normale omstandighede adiaphora was – in Calvyn se eie woorde – iets relatief onskuldigs, iets neutraals, waaroor gelowiges normaalweg verskillende meninge kan huldig sonder dat dit die kerk verdeel, kan onder ***abnormale omstandighede*** sulke afmetinge aanneem, sulke verreikende gevolge hê, die kerk so verwar en verskeur en die gelowiges so meesleur en mislei dat dit nie langer bloot onskuldig is nie, maar by die naam genoem moet word as in stryd met die waarheid van die evangelie. Tydens hulle Volle Vergaderings in Seoul (1989) en Debrecen (1997) het die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke 'n werksdefinisie van 'n *status confessionis* opgestel om hulleself en lidkerke hierin te lei.

> Any declaration of a *status confessionis* stems from the conviction that the integrity of the gospel is in danger. It is a call from error into truth. It demands of the church a clear, unequivocal decision for the truth of the gospel, and identifies the opposed opinion, teaching or practice as heretical. The declaration of a *status confessionis* refers to the practice of the church as well as to its teaching. The church s practice in the relevant case must conform to the confession of the gospel demanded by the declaration of the *status confessionis.* The declaration of a *status confessionis* addresses a particular situation. It brings to light an error which threatens a specific church. Nevertheless the danger inherent in that error also calls in question the integrity of proclamation of all churches. The declaration of a *status confessionis* within one particular situation is, at the same time, addressed to all churches, calling them to concur in the act of confessing.

37. Verskeie aspekte van hierdie omskrywing is opvallend en werp lig op die aard van die Gereformeerde siening van belydenis en die gesag van sodanige belydenis. Die situasie bring ‘n krisis teweeg, sodat geen ander moontlikheid oorbly as om te bely nie; die integriteit van die evangelie self moet op die spel staan en dit moet aangetoon kan word; menings, leringe of praktyke moet aanwesig wees wat die evangelie weerspreek en dit moet aangetoon kan word dat hulle in die naam van die evangelie geleer of ten minste geduld word; die belydenis word gerig aan alle Christene en aan alle kerke in die vorm van ‘n oproep om die evangelie te help interpreteer met die oog op dié spesifieke oomblik en omstandighede.

38. Soms kan gelowiges of kerke gedurende só ‘n staat van belydenis gedronge voel om opnuut hulle geloof te bely in die vorm van nuwe geloofsbelydenisse, maar dit volg nie vanself nie. Tydens die 20ste eeu het dit byvoorbeeld wel meermale gebeur – soos met *Barmen* en *Belhar* – maar dis ook moontlik dat gelowiges of kerke ander vorme van kerklike handelinge of spreke verkies, vanaf konfessionele posisies wat ingeneem word of konfessionele bewegings wat ontstaan, tot ‘n verskeidenheid van konfessionele aktiwiteite, insluitende getuienis, aanbidding, gebede, skuldbelydenisse, prediking, studiedokumente en -prosesse, verklarings, besluite, dade van weerstand, en talle meer.

39. Ook die afkondiging dat gelowiges of kerke oordeel dat ‘n staat van belydenis ontstaan het – ongeag of dit gepaard gaan met ‘n nuwe geloofsbelydenis of nie – bly egter diep menslik, broos, weerloos, ‘n waagstuk, en fundamenteel afhanklik van die oordeel van die broers en die susters van die breër ekumene, van die kerk katoliek, of dié afkondiging gepas en geldig is. Die toetsvraag is daarby nié of die menings, leringe en praktyke strydig is met die bestaande Gereformeerde belydenis nie en of die konfessionele verset daarteen ooreenstem met die bestaande Gereformeerde belydenisse nie, maar slegs of dit onderskeidelik strydig is met die Woord van God of ooreenstem met die Woord van God. Ook nuwe belydenisskrifte binne die Gereformeerde tradisie word nie beoordeel aan die hand van die bestaande belydenisse nie, maar aan die hand van die Woord.

40. Presies daarin blyk die menslikheid en broosheid van die Gereformeerde belydenis egter selfs nog méér, want presies dáárvoor is daar geen finale waarborge nie. Daar is geen gesaghebbende instansie wat kan instaan vir die Skriftuurlikheid van die belydenis nie, ook nie eens die instemming van die ekumeniese kerk en die meerderheid van broers en susters nie. Die kerk is geen demokrasie nie en die waarheid lê in die evangelie, nie in die mag en die mening van die meerderheid nie. Daar is geen finale waarborge, kriteria of instansies nie – slegs die Skrifberoep self, en die afhanklike en brose bede om die leiding van die Heilige Gees. Gereformeerde belydenis bly ‘n brose en beskeie onderneming, ‘n waagstuk, by alle stelligheid, sekerheid en bereidheid om die konsekwensies van dié oortuigings te dra.

41. Dis ook om dié rede dat Barth – in sy beroemde omskrywing – so duidelik maak dat die bindende krag of die gesag van Gereformeerde belydenis altyd “tot tyd en wyl” is, voorlopig, totdat die teëdeel vanuit die Skrifte duidelik word. Drie maal in sy kort definisie vestig hy die aandag op dié aard van die Gereformeerde belydenis deur uitdrukkings te gebruik soos “until further action,” weer “until further action” en “currently”.

> A Reformed creed is the statement, spontaneously and publicly formulated by a Christian community within a geographically limited area, which, until further action, defines its character to outsiders; and which, until further action, gives guidance for its own doctrine and life; it is a formulation of the insight currently given to the whole Christian Church by the revelation of God in Jesus Christ, witnessed to by the Holy Scriptures alone.

Hy gebruik duidelik sterk taal oor die bindende krag van die belydenis – en is daarin tipies Gereformeerd. Dit gaan om insig wat geformuleer en in die openbaar uitgespreek word, om kennis, om waarheid, om wete, om sekerheid. Dié insig word aan die kerk gegéé – en nie maar net aan die spesifieke Christelike gemeenskap wat dit bely nie, maar aan die héle Christelike kerk! Dié insig berus daarby op niks minder nie as op die openbaring van God in Jesus Christus, soos betuig in die Heilige Skrifte alleen! Sterker kan die bindende krag en die gesag van dié belydenisse skaars verwoord word. Dis sekerlik nie maar blote menslike oortuigings, groepsbelange, onderlinge akkoorde, spreekreëls wat berus op menslike behoefte en belange nie. Dié insig definieer boonop die karakter, die aard, die identiteit van die geloofsgemeenskap na buite, teenoor almal wat verantwoording eis, en na binne bied dit riglyne vir die leer en lewe, vir die geloofsopvattinge en alledaagse lewenswandel van die gelowiges en kerk wat só bely. Meer bindend, meer gesaghebbend kan dit skaars – maar dis alles slegs tot tyd en wyl, tot nog béter insig dalk gegee word, op grond van die Woord, deur die wysheid en selfs vermaning van susters en broers.

42. ‘n Besondere karaktertrek van Gereformeerde belydenis is die innige en wedersydse verband tusse waarheid en lewe, tussen geloof en etiek, tussen bely en doen, tussen uitspreek en uitleef.

43. Aan die een kant kan die behoefte aan Gereformeerde belydenis ontstaan vanweë morele of etiese krisisse en uitdagings. Die dwaling wat die ekumeniese kerk of ‘n spesifieke gestalte van die kerk bedreig mag kom in die vorm van ‘n etiese uitdaging – soos byvoorbeeld in die geval van rassisme en kernbewapening, na die oordeel van baie in die Gereformeerde wêreld. Die belydende reaksie – ongeag of dit geskied in die vorm van ‘n nuwe appél op bestaande belydenistradisies, in die vorm van die afkondiging van ‘n staat van belydenis, of in die vorm van nuwe soeke na duidelike belydenistaal – sal dan moet aantoon op watter wyse die integriteit van die evangelie inderdaad op die spel is, met ander woorde op watter wyse die verkondiging, die getuienis en die geloofwaardigheid van die evangelie in die gedrang kom as gevolg van uitsprake wat in die naam van die evangelie gemaak word, ‘n wêreldbeskouing of lewenstyl wat met beroep op die evangelie gepropageer word, of ‘n manier van lewe wat Skriftuurlik begrond en verdedig word.

44. Aan die ander kant roep enige sodanige daad van belydenis op tot beliggaming, tor die uitleef, die toepassing en die doen van die evangelie soos wat dit in die belydenistaal verwoord word. In die geskiedenis was dit dan ook herhaaldelik die geval dat Gereformeerde kerke hulle oomblikke van belydenis opgevolg het met nuwe kerkordes, as konkrete en praktiese pogings tot daadwerklike hervorming van hulle manier om die evangelie uit te leef en sigbare en openbare gestalte te gee in die wêreld.

45. Van besondere belang in die Wêreldbond se omskrywing van ‘n staat van belydenis is byvoorbeeld juis die herhaalde klem op die praktyk van die kerk, op die lewe van die kerk, en op die oortuiging dat die belydenis ook oor dié praktyke en oor die lewe van die kerk uitstrek. Drie maal word melding gemaak van die praktyke van die kerk.

> Any declaration of a *status confessionis* … demands of the church a clear, unequivocal decision for the truth of the gospel, and identifies the opposed opinion, teaching *or practice* as heretical. The declaration of a *status confessionis* refers to *the practice* of the church as well as to its teaching. The church’s *practice* in the relevant case must conform to the confession of the gospel demanded by the declaration of the *status confessionis*.

46. Ook in Barth se beskrywing van Gereformeerde belydenis speel dié klem op die lewe, die praktyke, die etiek van die kerk en van gelowiges ‘n sentrale rol. “A Reformed creed … defines this Christian community’s character to outsiders and … gives guidance for its own doctrine and life.” In die toespraak waarin hy dan dié beskrywing in fyn besonderhede uitspel, neem ekklesiologie en etiek ‘n heel besondere plek in. Die belydenis strek ook uit oor die vormgewing, die strukture, die gestalte, die institusionalisering van die kerk wat die evangelie só hoor en bely, en die belydenis strek ook uit oor die etiek, die lewe, die gedrag, die persoonlike, sosiale en politieke lewe van diegene wat die evangelie só hoor en bely.

47. Ten diepste was dit natuurlik ook die punt van ***Barmen*** self. Die belydenis dat Jesus Here is en die enigste Woord van God (***Barmen*** I) impliseer dat die hele Christelike lewe (***Barmen*** II), die orde van die kerk (***Barmen*** III), die bedieninge van die kerk (***Barmen*** IV), die openbare verhoudinge van die kerk (***Barmen*** V) en die openbare getuienis van die kerk (***Barmen*** VI) alles gestempel behoort te word deur dié basiese belydenis. Daarmee bied ***Barmen*** – volgens verskillende kommentatore – sowel ‘n grondslag vir ‘n Protestantse ekklesiologie, wat vir eeue ontbreek het, as die grondslag vir ‘n Protestantse etiek, en albei berus op die beliggaming van die belydenis. Spesifiek binne die Evangeliese Kerk van die Unie (EKU) in Duitsland het ***Barmen*** in die onlangse verlede om dié rede ‘n sleutelrol vervul, aangesien doelbewus gevra is na die hedendaagse implikasies vir die kerklike lewe en strukture van die afsonderlike artikels van ***Barmen***. In die mees direkte sin moontlik word hier op karakteristiek Gereformeerde wyse nadruklik gevra na die konkrete ekklesiologiese en etiese beliggaming van die gemeenskaplike belydenis van geloof.

48. Dié diepe oortuiging strek egter al verder terug, dwarsdeur die hele Gereformeerde tradisie, tot by Calvyn self. Belydenis roep om beliggaming. Telkemale is belydenisskrifte doelbewus opgevolg deur kerkordes, wat as ‘t ware die praktiese beliggaming van dié belydenisvisie moes help reël, bevorder en dien. Dit was selfs die geval met die ***Heidelbergse Kategismus***, soos met talle ander Gereformeerde belydenisse.

49. Telkemale is daarby egter in sommige van die belydenisskrifte self reeds in duidelike taal gepraat oor die Christelike lewe wat vloei uit die belydenisoortuigings – soms meer implisiet, soms egter ook eksplisiet. Die troos van die evangelie wat bely word is tegelyk vryspraak én aanspraak – vergelyk nógeens die ***Heidelbergse Kategismus***. Sowel ekklesiologie as etiek skuil reeds in die tipies Gereformeerde belydenis self.

50. Ook in Suid-Afrikaanse Gereformeerde geledere sou dié verbande tussen belydenis, ekklesiologie en etiek bydra tot die verset teen die teologie, praktyk en ekklesiologie van apartheid en uiteindelik tot die ***Belydenis van Belhar*** en die daaropvolgende hereniging op die grondslag van die nuwe Kerkorde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, as tipies Gereformeerde poging om dié belydenis te beliggaam. ***Belhar*** sou uiteindelik weer bydra – via die Kitwe-Verklaring van die Suider-Afrikaanse Bond van Gereformeerde Kerke en die Debrecen Verklaring van ‘n ***processsus confessionis*** aangaande wêreldwye ekonomiese onreg en die vernietiging van die skepping – tot die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke se besluite in Accra (2004) rondom die “Covenanting for Justice”. Ook in dié wêreldwye ekumeniese belydenisbeweging binne die Gereformeerde kerke kom die temas van die integriteit van die belydenis van geloof, van die alledaagse lewe in die wêreld, ook in ekonomiese en ekologiese verhoudinge, en van die strukture, die bedieninge en die getuienis van die kerk dus tans weer dramaties byeen soos so dikwels vantevore in die geskiedenis van die Gereformeerde geloofstradisie.